**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Appèlnommer : A159/2006

In die appèl tussen:-

**LEON CHAMBERLAIN/VAN RENSBURG** Appellant

en

**TUMELO DAVID MOTJELELE** Respondent

---

**CORAM:** MALHERBE RP *et* MILTON WND R

---

**AANGEHOOR OP:** 23 APRIL 2007

---

**UITSPRAAK DEUR:** MALHERBE RP

---

**GELEWER OP:** 26 APRIL 2007

---

Appellant was die onsuksesvolle verweerder in 'n aksie in die Landdroshof, Sasolburg waarin respondent hom aangespreek het vir die lewering van 'n motorvoertuig, alternatiewelik betaling van die bedrag van R12 000.00, synde die waarde van die voertuig. (Dit is gerieflik om na die partye te verwys soos wat hulle in die hof *a quo* gesiteer is.)

Die eiser se saak is, kortliks, dat hy die eienaar is van die betrokke voertuig ('n 1988 model Volkswagen Jetta); dat hy die voertuig gedurende Junie 2001 aan verweerder gelewer het met die opdrag om dit te herstel teen 'n koste van R5 000.00; dat hy op of ongeveer 27 Februarie 2002 die herstelde motor by verweerder in ontvangs wou neem en in staat was om die herstelkoste van R5 000.00 te betaal; dat verweerder hom meegedeel het dat die voertuig wat toé R12 000.00 werd was, reeds verkoop is.

Die ooreenkoms tussen die partye met betrekking tot die herstel van die voertuig was mondeling. Dit is gemenesaak dat die voertuig heelwat herstelwerk geverg het en dat verweerder hierdie werk privaat sou gedoen het. Volgens eiser het verweerder die dokument bywysstuk "B" opgestel en het die partye dit onderteken nadat die herstelwerk voltooi is. Verweerder getuig ook dat dit ongeveer een week voor 1 Maart 2002 onderteken is. Bewysstuk "B" lees soos volg:

> "Hiermee gee ek DAVID MOTJELELE ID 67102253310 toestemming om my voertuig VW Jetta CLI 16V & Reg OIL 73074 te verkoop, as ek nie teen Vrydag 1/3/2002, Leon van Rensburg 7611065050087 se geld van die bedrag van R5 005,00 rand alleen, kan betaal nie."

Eiser getuig dat hy en sy swaer, die getuie Meshack Sibiya, op 27 Februarie 2002 na verweerder se huis is met R5 000.00 kontant om laasgenoemde te betaal. Daar aangekom, het verweerder hulle meegedeel dat die voertuig reeds verkoop is. Eiser is daarna op dieselfde dag na die Polisiestasie om 'n klagte teen verweerder aanhangig te maak. Verweerder het ook by die Polisiestasie opgedaag nadat die Polisie hom geskakel het. Nadat hulle daar

weg is, het verweerder hom egter ontglip en vermy.

Ten einde die waarde van die voertuig, d.w.s. sy skade, te bewys het eiser 'n sekere Mnr. Van de Giessen as getuie geroep. Hy getuig dat hy 'n ervare verkoopsman is in diens van Dutton Motors by wie eiser die betrokke motor in 1995 aangekoop het teen R26 250.00. Op 25 Junie 2002 is hy gevra om die motor te waardeer. Hy het glad nie die motor gesien nie en hom uitsluitlik verlaat op die sogenaamde "boekie" wat in die motorhandel gebruik word om die waarde van gebruikte motors te bepaal. Sy getuienis in hierdie verband lui soos volg:

> "MR MELATO: On what did you base your findings on? --- As far as I can remember the value that we got to R12000,00 ... I must say he did not buy it for R12 000,00. He bought it for R26 250,00. That would have been calculated on the Mead & McGrouther which is the little book that the motor industry uses to get to values on trade and resale of vehicles and that would have been based on what they suggested between ... at that stage what the value would be, if it is in a fair condition."

> "**ONDERVRAGING DEUR MNR. DE BEER:** Mnr. Van de Giessen, ek verstaan u reg, die waarde van R12 000,00 kom uit die sogenaamde boekie uit? --- Dit is korrek.
>
> Dit is waarop u daardie waarde baseer, op niks anders nie? --- Nie op enige iets anders nie, nee.

Ja, en u het glad nie voertuig enigsins andersins gesien nie? --- Nie, nie op daardie stadium nie, nee.
En u weet nie of hierdie reparasielys 'n korrekte lys is nie? --- Nee, ek sal nie weet nie. Ek het alles gebaseer ...(tussenbei)
Daar kan meer of daar kan minder wees? --- Ek het alles gebaseer net op die

boekwaarde van 'n voertuig in 'n redelike kondisie."

Die "boekie" is nie as bewysstuk ingedien nie.

Mnr. Van de Giessen is duidelik as 'n deskundige getuie geroep. Hy het sy opinie oor die waarde van die motor gebaseer op die "boekie" sonder dat die "boekie" as bewysstuk ingehandig is. Ek stem met eerbied saam met die Natalse Hooggeregshof in **S v SEEDAT** 1971 (1) SA 789 op pp. 792 F - 793 A dat hierdie wyse van getuienislewering onreëlmatig is. Selfs al was die "boekie" as bewysstuk ingehandig, sou Mnr. Van de Giessen se getuienis nogtans waardeloos gewees het omdat hy glad nie die motor gesien het nie en daar ook geen ander getuienis was dat dit in 'n "fair condition" was nie. (Sien **Bewysreg** deur Schmidt, 4de uitgawe op pp. 466 en 470.)

Om saam te vat: Daar was geen aanvaarbare getuienis voor die hof oor die waarde van die voertuig nie – nie aan die einde van eiser se saak nie en ook nie aan die einde van verweerder se saak nie. Die Landdros moes absolusie van die instansie beveel het liewer as om in eiser se guns te beslis suiwer op billikheidsgronde. Sy sê die volgende in haar uitspraak:

> "The fact that the vehicle has been sold by the defendant makes it impossible for the defendant to deliver the vehicle to the plaintiff. The defendant has made it impossible for the plaintiff to

prove his real and substantial damages by the fact that the vehicle was sold making a real assessment impossible. The verhicle has now come to light at the end of the case. The handing in of the book by mr van de Gessen would not change the fact that the value attached would be a mere speculation of the real value of the vehicle. The value would not be able to be determined accurately without the real thing being available for inspection and evaluation.

The court can not believe that the plaintiff can have no right of recourse against the defendant for the ill that has been done to him. That would be a total miscarriage of justice and not in line with the principles of fairness.

It is therefore this court's contention that the defendant is liable to the plaintiff for the damages to the amount of R12 000,00 including costs for the unlawful disposal of the plaintiff's vehicle."

Hierdie toekenning is in elk geval foutief omdat die herstelkoste nie in berekening gebring is nie.

Ek het simpatie met die eiser. Ek meen die waarskynlikhede steun hom dat hy op 27 Februarie 2002 in staat was om die herstelkoste te betaal en vir daardie doel na verweerder se huis is. Eiser se saak is egter swak voorberei en ook swak aangebied deurdat daar onvoldoende getuienis voorgelê is om die verhoorhof in staat te stel om te poog om sy skade te kwantifiseer.

Daar is geen rede waarom die suksesvolle appellant sy koste ontneem moet word nie.

Gevolglik slaag die appèl met koste. Die Landdros se bevel word tersyde gestel en vervang met die volgende:

> "Absolusie van die instansie met koste word ten gunste van verweerder verleen."

**J.P. MALHERBE, RP**

Ek stem saam.

**D. MILTON, WND R**

| | |
|---|---|
| Namens die appellant: | Adv. J.Y. Claasen<br>In opdrag van:<br>Naudes<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die respondent: | Adv. H.J. Benade<br>In opdrag van:<br>Symington & De Kok<br>BLOEMFONTEIN |

/sp